Bib 36/86

228/85
/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

HENRY DIRK VISSER .................. EERSTE APPELLANT

en

PIET JACOBS ........................ TWEEDE APPELLANT

EN

DIE STAAT ........................ RESPONDENT

CORAM : VILJOEN, BOTHA, ARR et NESTADT, WAR

VERHOORDATUM : 11 MAART 1986

LEWERINGSDATUM : 26 MAART 1986

---

U I T S P R A A K

---

VILJOEN, AR

Die/.....

Die twee appellante het as beskuldigdes 1 en 6 saam met 'n aantal ander beskuldigdes voor die Gordoniase Rondgaande Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof op Upington tereggestaan op 'n aanklag dat hulle vir Johannes Jacobus August, in die omgang bekend as Pannie, vermoor het. Hulle is skuldig bevind en nadat die verhoorhof bevind het dat daar geen versagtende omstandighede in hulle gevalle bestaan nie, is hulle ter dood veroordeel. Teen die gemelde bevinding en die gevolglike doodvonnis kom die twee appellante, met verlof van die verhoorhof, in hoër beroep.

Die getuienis het onthul dat August ("die oorledene"), 'n jong Kleurlingman, op Sater-

dagmiddag kort na 18h15 saam met twee vriende rustig in die perseel van huis 1152, 11de laan, in die Kleurlingwoonbuurt van Upington, gesit en gesels het terwyl elkeen 'n bier genuttig het, toe daar 'n jong seun aangehardloop kom en hulle waarsku dat die "Boys" in aantog is. Die "Boys" was 'n verwysing na 'n bende, die "Serra Boys", wat in Upington bestaan. Die seun het gemaak dat hy wegkom. Dit het gou geblyk dat sy waarskuwing nie ligtelik opgeneem kon word nie want 'n groep persone van sowat ag tot tien persone, gewapen met allerlei wapens, het die straat afgekom in die rigting van huis 1152. Hulle het eintlik gesoek na ene Billy Boy maar hy het hulle ontglip en die

afleiding kan gemaak word dat hulle enige geskikte ander slagoffer, enigeen wat hom sou voordoen, gesoek het. Toe hulle die oorledene sien het iemand geskree: "Daar is ou Pannie. Hy is ook 'n vuil hond. Kom ons skiet sy tent plat." Die oorledene en sy twee vriende het uitmekaar gespat en gevlug. Die oorledene het by 'n sekere huis probeer ingaan maar die deur is vir hom toegemaak. Hy het terug gevlug na huis 1152 en daar probeer inkom, maar by die deur op die stoep het die bende op hom toegesak en hom begin aanrand. Die getuienis het verskil ten aansien van die aard van die aanranding, maar dat dit redelik ernstig was, kan afgelei word van die feit dat die vrou van die huis later bloed van

haar/....

haar stoep moes afwas. Die oorledene het daarin geslaag om van sy aanvallers te ontvlug, maar hulle het hom gou weer, langs die huis, ingehaal en hom vandaar in die rigting van die straat gesleep. Dit was egter nog in die perseel waar al die lede van die groep hom met 'n verskeidenheid van wapens waaronder kapmesse, byle, messe en selfs 'n gemsbokhoring getel het, toegetakel en hom om die lewe gebring het. Die verhoorhof het beskuldigdes 1,2,3 en 6 aan moord skuldig bevind. Alleen die twee appellante is ter dood veroordeel.

Die verhoorhof se bevinding vir doeleindes van skuldigbevinding was dat die vier wat skuldig bevind is, deel gehad het in die aanval op

die oorledene en die hof het die vraag gestel of hulle die opset gehad het om te dood. Hieroor kan daar geen twyfel wees nie, meen die hof, en redeneer soos volg:

> "Enigeen wat deelneem aan 'n aanval op 'n ander waar gevaarlike wapens minstens deur sommige van die groep gebruik word, moet voorsien en voorsien inderdaad dat daar dodelike wonde deur minstens sommige van sy mede-aanvallers veroorsaak kan word, wat hier inderdaad gebeur het. Die Hof is tevrede dat die opset minstens by moontlikheidsbewussyn hier bewys is."

Appellant 1 het in sy getuienis ter versagting die hof meegedeel dat hy op daardie betrokke dag, in die voormiddag, saam met vriende van hom (hulle was so 5 of 6 mense) in die perseel van die huis waar hy gewoon het ongeveer drie

kanne wyn gedrink en ook dagga gerook het. Daarna het hulle na die Extension Inn hotel gegaan waar hulle ongeveer ses bottels soetwyn gekoop het en gedrink het. Die kroegman het hulle ook 'n bottel brandewyn geskenk. Met die bottel brandewyn is hulle na die burgersentrum waar daar elke Saterdag tot 18h00 gedans word. By die dans het hulle die bottel brandewyn gedrink en weer dagga gerook. Daar het later moeilikheid tussen Piet Jacobs, die tweede appellant (beskuldigde 6) en ene Zanter wat vir Jacobs daar kom soek het, ontstaan. Zanter is gejaag deur beskuldigde 3 en die tweede appellant wat later teruggekeer het na die burgersentrum. Toe hulle na die beëindiging van die dans uit die

sentrum/.....

sentrum uit kom, was Zanter weer daar. Zanter hardloop weg in die rigting van Billy Boy se huis waar daar 'n klomp lede van 'n vyandiggesinde bende, die Rusters, byeen was. Die eerste appellant en sy vriende, wat almal Serra Boys was, jaag toe vir die Rusters. Terwyl hulle die Rusters so jaag, sien hulle vir die oorledene op die hoek staan met 'n gemsbokhoring in sy hand. Hulle het hom geken as een van die lede van Billy Boy se bende, die Rusters. Sy getuienis van wat daarna gebeur het, is soos volg opgeteken.

"Mej du Preez: En toe? --- En terwyl ons nou hardloop in die rigting waar hy staan, het hy ook probeer om weg te hardloop in die

huis van die Pienaars, voor hy by die deur kom, was ek en Nicky Croes en beskuldigde nr 2, was kort agter sy hakke gewees, wat die ander ons agtervolg.

HOF : Dit is nou die drie van julle? --- Ja, ons was drie gewees. Jy en nr 2 en Croes? --- En Nicky Croes. Voor hy by die deur kon ingaan,het ons hom gevang daar voor die deur.

Het julle aldrie hom gevang, of twee van julle? --- Ons aldrie het hom gevang daar voor die deur. So het ons die oorledene gebring na die straat toe en terwyl ons hom uitbring uit die jaart uit, na die straat toe, het die ander aantal manne gekom en op hom toegesak. Edelagbare wat daar eintlik gebeur het, kon ek nie met 'n vaagste benul sê, of wys na enige van hierdie persone as beskuldigdes nie, om te sê wat ek gesien het, wat hy gedoen het die tyd wat die oorledene daar lê nie, want dit was maar 'n deurmekaar spul-letjie gewees daar. Die tyd wat ek nou sien die oorledene is nou besig om te bloei.

Te wat?--- Dat die oorledene nou vol bloed was, het ek outomaties weggehardloop, ek

het bang geraak vir die bloed wat ek gesien het. Dit is al wat ek eintlik nou kan sê vandag in hierdie hof, wat ek nou van weet, wat ek kan onthou, daardie betrokke dag wat gebeur het."

Gevra wat sy aandeel was in die aanval op die oorledene,het hy soos volg geantwoord:

"Edelagbare as ek kan mooi onthou, daar is 'n moontlikheid dat ek 'n paar skoppe kon toegedien het, maar nie dat ek enige skerp wapen gebruik daardie tyd op die oorledene om hom te steek of enige iets aan hom te doen nie."

Kruisondervraging het veral gewentel om sy getuienis aangaande die hoeveelheid drank wat hulle ingeneem het en die dagga wat hulle gerook het, asook sy aandeel in die aanranding en die wapens wat hy sy bende-lede sien dra en

gebruik het. Dit is nie nodig om in detail daarop in te gaan nie.

Die tweede appellant het in sy getuienis ter versagting aan die verhoorhof die geskiedenis van sy geskil met Zanter meegedeel. Besonderhede is nie van belang nie. Nadat hy en Zanter uitmekaar uit is, is hy na sy huis toe waar hy 'n bottel Witzenberg gedrink het. Van sy huis is hy na die Extension Inn toe waar hy van die beskuldigdes in die saak raakgeloop het. Hulle het daar gesit en drink. Hy koop vir hom 'n glas soetwyn en 'n "man size" bier en sluit by hulle aan. Van die Extension Inn is hulle na die burgersentrum. Hy en twee vriende (een was beskuldigde 3) het op 'n stadium

die/.....

die danssaal verlaat en buite toe gegaan waar hulle weer vir Zanter, wat gekom het om weer moeilikheid te maak, aangetref het. Hy en beskuldigde 3 jaag vir Zanter. Hulle slaag nie daarin om tot by hom te kom nie want hy het in Billy Boy se perseel ingegaan. Hy keer terug na die danssaal en merk toe vir beskuldigdes 2 en 3 (laasgenoemde met 'n dolk in sy hand) in die rigting van Billy Boy se huis hardloop. Hy het in sy verdere getuienis verwys na die getuienis wat hy gegee het voor skuldigbevinding wat soos volg opgesom kan word. Hy het in dieselfde rigting deur die park gestap en op die klomp afgekom wat vir die oorledene aanrand. Hy het

sekere/.....

sekere besonderhede verstrek van die aandeel wat, volgens sy waarneming, sekere van die ander beskuldigdes in die aanranding gehad het. Maar hy was 'n onskuldige toeskouer. Sy getuienis dat hy slegs 'n toeskouer was, was egter reeds deur die hof in die uitspraak vir doeleindes van skuldigbevinding verwerp.

In die uitspraak op versagting het die hof die getuienis van die eerste appellant dat hy 'n bottel brandewyn van 'n kroegman as geskenk ontvang het, verwerp. Hierdie verwerping het berus op die getuienis van die betrokke kroeg-man dat hy nie die bottel brandewyn geskenk of verskaf het nie. Die eerste appellant se getuienis van die

hoeveelheid/.....

hoeveelheid drank wat hy ingeneem het en sy getuienis dat dit hom in 'n groot mate aangetas het, is deur die verhoorhof as oordrewe beskou. Die hof redeneer soos volg:

> "As die brandewyn storie wegval dan blyk dit dat hulle laaste voordat hulle na die dans toe is, drank gedrink het en hierdie gebeure het eers 6 uur die aand plaasgevind.
>
> Die Hof is bereid om as waarskynlikheid te aanvaar dat beskuldigdes wel voor hulle na die dans toe is drank verorber het en selfs dagga gerook het, want soos die Hof hulle as mense opgesom het, is dit heeltemal waarskynlik dat dit maar, veral oor naweke, by hulle 'n lewenspatroon is. Die Hof wil dit duidelik stel dat hy nie uitgaan van die standpunt dat die hoeveelheid drank wat 'n beskuldigde ingeneem het sodanig moet wees dat dit grens aan skulduitsluiting of skuldvermindering voordat dit as 'n versagtende omstandigheid beskou kan word nie, want die inname van drank en

seker ook die rook van dagga in minder hoeveelhede kan daartoe lei dat 'n persoon se sedelike insigte afgestomp word en sy selfdissipline verbreek word. As die Hof egter die beweerde drankgebruik by die dans as onwaarskynlik verwerp, soos die Hof wel doen, dan meen ons nie dat teen 6 uur daardie middag die drank enige noemenswaardige invloed op die pleging van die misdaad kon gehad het nie. Altans nie tot so 'n mate dat die Hof kan sê dat hulle daardeur moreel gesproke met minder verwytbaarheid bejeën kan word nie, dat hulle dade met minder verwytbaarheid bejeën kan word nie."

Die hof behandel voorts die argument van die sogenaamde massa-psigose op die volgende wyse:

"Dit is natuurlik so dat mense wat in hulle wese nie geweldenaars is nie, as hulle in 'n groep optree deur mekaar se handelinge opgesweep word. Dit geld te meer vir jeugdiges wat hulle tussen ouer persone bevind en deur die leiding van die vol-

wassenes beïnvloed en opgesweep word. Hier het ons egter met 'n georganiseerde bende te doen. Dit is nie 'n groep wat toevallig bymekaar is en vir een of ander rede skielik tot geweld oorgaan nie, want die beskuldigdes se besigheid is blykbaar geweld, want hulle is 'n georganiseerde bende wat rondstap met byle, dolke, gemsbokhoring en sulke gevaarlike wapens. Die Hof weet nie wie die leiers van hierdie bende is nie, maar die betrokke dag het beskuldigde 1, wat 'n volwasse persoon is, ongetwyfeld 'n leidende aandeel in die aanval op die oorledene gespeel en beskuldigde 6 wat ook volwasse is, het ongetwyfeld met sy gemsbokhoring heelwat van die 16 steekwonde, wat oorledene opgedoen het, toegedien. Vir sover dit hulle twee betref bevind die Hof nie dat die feit dat dit 'n bende-optrede was as 'n versagtende omstandigheid aangemerk kan word nie."

Die hof verwys ook na die betoog dat die tweede appellant deur Zanter se optrede

geprovokeer/...

geprovokeer is maar verwerp dit soos volg:

"Die Hof aanvaar dat daar vroeër die dag die skermutseling tussen beskuldigde 6 en Zanter wat 'n lid van die opposisie-bende was, wat blykbaar onder leiding van Billy Boy gestaan het, dat daar so 'n skermutseling was. Dit het blykbaar aanleiding gegee tot die klipgooiery na Billy Boy se huis waar Zanter hom waarskynlik bevind het. Oorledene het egter niks hiermee te doen gehad nie. Beskuldigde 1 het vertel dat oorledene ook lid van die opposisie-bende was maar die hof kan dit nie as 'n waarskynlikheid aanvaar nie. Beskuldigde koppel hierdie bewering aan sy getuienis omtrent die gemsbokhoring waarmee oorledene sou gestaan het, toe hulle hom teëkom, nadat die ander lede van die Rusters sou weggehardloop het. Die Hof het hierdie getuienis verwerp. Ons weet en het aanvaar dat oorledene rustig gesit en drink het saam met April Pienaar en Jan Kock en bloot uit nuuskierigheid gaan staan en kyk het voor-

dat die groep op hom toegesak het. Die optrede was ook nie skielik en sonder voorbedagte rade in die ware sin van die woord nie. Hulle was reeds op die oorlogspad, as ek dit so mag stel, en toe hulle nie vir Zanter of sy trawante kon in die hande kry nie, het hulle eenvoudig hulle wraaksug op die oorledene uitgehaal."

Wat die bevinding van dolus eventualis betref, sê die hof:

"Dolus eventualis kan natuurlik saam met ander faktore versagtend inwerk, maar in die onderhawige geval, was die voorsienbaarheid en die risiko van die oorledene se dood na ons mening so groot dat dit feitlik gegrens het aan die direkte opset en ons meen nie dat dit enigsins 'n noemenswaardige faktor is wat in ag geneem behoort te word nie."

Die hof verwys voorts na die betoog dat, waar die oorledene dood is aan 'n verbryselde

skedel, daar geen getuienis is dat hierdie dodelike besering waarskynlik deur oa die twee appellante se handelinge veroorsaak is nie. Hieraangaande sê die hof:

> "Die Hof verwerp egter beskuldigde 1 se getuienis dat hy oorledene maar net geskop het en beskuldigde 3 se verhaal dat hy maar net 'n klip na die oorledene gegooi het. Beskuldigdes 2 en 6 het natuurlik glad nie oor hulle rol getuig nie. Daar is egter geen getuienis of aanduiding dat enige van die beskuldigdes hulle op enige stadium selfs in die geringste mate van die aanval op die oorledene gedistansieer het of dat 'n moontlike mindere fisieke rol van enige van die beskuldigdes gekoppel kan word aan 'n waarskynlike minder verwytbare gemoed of gemoedstoestand nie."

Die hof het ook hulle ouderdomme in

ag geneem. Die hof meld dat die eerste en sesde beskuldigdes (die eerste en tweede appellante) ten tye van die pleging van die misdaad 25 en 28 jaar onderskeidelik oud was en meen nie dat hulle ouderdomme as versagting kan dien nie.

Die gevolgtrekkings van die lede van die hof word soos volg opgesom:

> "Wat beskuldigdes nrs 1 en 6 betref kan ekself en een van my assessore nie op waarskynlikhede bevind dat daar enige faktor wat op sigself of kumulatief gesien met al die ander faktore is wat hulle gemoed of gedagtegang sodanig beïnvloed het dat dit hulle morele verwytbaarheid verminder nie.
>
> Een van die assessore voel egter dat al die faktore wat ek genoem het, kumulatief gesien op die waarskynlikhede wel versagtende faktore daarstel."

Ongetwyfeld bemoedig deur die sienswyse van een van die assessore het die advokate vir die twee appellante voor hierdie hof klem gelê op die kumulatiewe uitwerking van al die faktore wat in die verhoorhof ter versagting aangevoer is. Ek hoef nouliks te herhaal dat die bevoegdhede van hierdie hof om, wat 'n bevinding dat daar geen versagtende omstandighede bestaan nie betref, in te gryp, uiters beperk is. Ons het die betoë van die advokate deeglik oorweeg maar ons is nie oortuig daarvan dat die meerderheid van die verhoorhof nie hulle diskresie behoorlik uitgeoefen het nie. Soos blyk uit die

uitspraak het die hof al die faktore wat as versagtende omstandighede in daardie hof geopper en in hierdie hof herhaal is, behoorlik oorweeg en het ook aandag geskenk aan die kumulatiewe effek daarvan. Die appèl kan dus nie slaag nie.

Die appèl word van die hand gewys.

APPèLREGTER

BOTHA AR)
)
NESTADT WAR) - stem saam